

DIE WEGVOERING (WEGRAPING) VAN DIE BRUID, VAN JESUS CHRISTUS !!!

Met die gegewens van die Heilige Skrif het ons onself oortuig dat Jesus Christus eenmaal weer sal kom. Die gebeurtenisse wat die koms voorafgaan en aankondig, het ons 'n lang reeks voor ons geestesooë sien verbygaan. So seker as wat die son in die ooste verskyn en in die weste verdwyn, gaan Jesus weer kom. " 1 Kor 16:22 (b) MARANATA = Jesus kom spoedig"

VOORAFGAANDE TEKENS !

Mat 24:4 En Jesus antwoord en sê vir hulle: Pas op dat niemand julle mislei nie.

Mat 24:5 Want baie sal onder my Naam kom en sê: Ek is die Christus! en hulle sal baie mense mislei.

Mat 24:6 En julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë. Pas op, moenie verskrik word nie, want alles moet plaasvind, maar dit is nog nie die einde nie.

Mat 24:7 Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander; en daar sal hongersnode wees en pessiëktes en aardbewings op verskillende plekke.

Mat 24:8 **Maar al hierdie dinge is 'n begin** van die "smarte." = Gr is geboorte pyn.

Mat 24:9 Dan sal hulle jul aan verdrukking oorgee en julle doodmaak; en julle sal deur al die nasies gehaat word ter wille van my Naam.

Mat 24:10 En dan sal baie tot struikel gebring word en mekaar verraai en mekaar haat.

Mat 24:11 En baie valse profete sal opstaan en baie mense mislei.

Mat 24:12 En omdat die ongeregtigheid vermeerder word, sal die liefde van die meeste verkoel.

Mat 24:13 Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word.

Mat 24:14 En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word

in die hele wêreld tot 'n getuënis vir al die nasies; en dan sal die

einde kom. (Mat 25:13 Waak dan omdat julle nie weet nie ...)

(Vers 14 Die einde van wêreldewangelisasie, die einde van die kerkperiode sal met die wegvoering van die kerk ingelei word.) Die kerk van Jesus Christus het 'n heerlike hoop op die toekoms.

In vers 8 noem Jesus hierdie voorafgaande tekens smarte of "Geboortepyn".

(1) Valse christusse: (vers 5) Een van die bekende hedendaagse Anti-christe is die 61 jarige Dr José Luis De Jesús Miranda.

"He claims to be the Anti-Christ. He also claims that he is Jesus Christ, and the second coming of Jesus Christ. He has a million followers and ordered his members to put 666 tattoos on their bodies. [666 the mark of Satan mentioned in Revelation chapter 13] He said the word AntiChrist is just a bad translation of new Christ. And 666 is a symbol of new Christ and a mark that you are a

Christian. He founded his church [Creciendo en Gracia] 20 years ago. He preaches that there is no sin, no hell, the devil has already gone to the hell and earth is already the heaven. **This doctrine attracted so many followers”**

"His followers believe that he is god. He is supported by the generosity of his devotees, who have launched some 450 businesses to pour cash into the coffers of Creciendo en Gracia = Growing in grace. His followers worship him.

In the early years after founding his church he didn't claim to be Christ. Instead, he worked as a pastor spreading his doctrine: that under the new covenant with God, there is no sin and no Satan, and people are predestined to be saved. As his following expanded his claims did. In 1998 he avowed that he was the reincarnation of the Apostel Paul. A few years ago he declared himself Christ. And just a few weeks ago, he called himself the Anti-Christ and revealed a '666' tattoo on his forearm. He rejects the worship of Jesus of Nazareth.”

1Joh 2:18 Kinders, dit is die laaste uur; en soos julle gehoor het dat die Anti-chris kom, bestaan daar ook nou baie antichriste, waaruit ons weet dat dit die laaste uur is. (Huidiglik meer as 'n 100 valse christusse regoor die wereld)

(2) Oorloë: (vers 6) Die derde wêreld oorlog: Armageddon.

Openbaring 16:16 - Armageddon in bloudruk.

Open 9:15 - Een derde van die wêreldbevolking van die huidige populasie (sewe miljard mense) gaan gedood word. Die huidige populasie aanwas is ongeveer 140 miljoen mense jaarliks.

Sag 13 : 8 En in die ganse land, spreek die HERE—twee-derdes sal daarin uitgeroei word, sal sterwe, maar een-derde daarin oorbly.

Twee derdes van die Joodse bevolking gaan uitgewis word met die slag van Armageddon. [TWEË UIT ELKE 3 JODE WORD UITGEWIS.]

Openb 14 : 20 (b) "en bloed het uit die parskuip gekom tot aan die tooms van die perde (1 ½ meter diep) , twee honderd myl (322 km) ver. "

(3) Hongersnood: (vers 7b) Sedert die laaste wêreldoorlog het hierdie wêreld in 'n toenemende mate gesien hoedat duisende en tienduisende, en nou selfs miljoene mense, sterf van die honger regoor die wêreld. Die voedselsituasie in die wêreld is hagliker as wat die meeste mense besef. Voedselpryse styg en die inflasiespook word aangewakker. Voedsel en petrol is omtrent ewe duur en kos is 'n basiese middel wat die mens moet gebruik. Miljoene mense het nie elke dag kos om te eet nie. Min mense slaan ag op die naderende voedselprobleme, oorbevolking en die stedelike bevolkingsontploffing. Afrika is in 'n greep van hongersnood gewikkel.

(4) Pessiektes: (vers 7 b)

(a) Daar is 120 hartaanvalle per dag in SA, waarvan 30 fataal is.

(b) Honderd en vyftig verskillende soorte kankers in die wêreld maak jaarliks 6 miljoen mense dood.

(c) Die Wêreld Gesondheids Organisasie [WGO] het verklaar dat in die volgende twee dekades 1 biljoen mense met Tuberkulose geïnfecteer sal wees, en dat 70

miljoen mense in hierdie tydperk daaraan sal sterwe.

(d) Volgens die WGO sterf 3 miljoen mense jaarliks aan Malaria.

Net in Afrika sterf 3,000 kinders daagliks aan Malaria. Die WGO bereken dat daar elke 15 sekondes iemand sterf aan Malaria. (2,102,400 mense wat jaarliks sterf aan MALARIA)

(e) Meer as 'n honderd miljoen mense in die wêreld het VIGS. Sestienduisend mense wêreldwyd word daagliks met die Vigs-virus besmet. Oor die 5 miljoen mense in SA het Vigs. Ongeveer 2,000 persone word daagliks in SA HIV positief. Daar is ongeveer 1,000 sterftes per dag in SA as gevolg van Vigs. Tussen een en twee miljoen mense sal in die volgende jaar sterf.

(5) Aardbewings: (vers 7b) Statistieke:

Vanaf die eerste eeu na Christus, was daar gemiddeld vyf aardbewings elke honderd jaar (eeu) tot by die 13de eeu.

Gedurende die 14de eeu - 157 aardbewings.

Gedurende die 15de eeu - 174 aardbewings.

Gedurende die 16de eeu - 253 aardbewings.

Gedurende die 17de eeu - 278 aardbewings.

Gedurende die 18de eeu - 640 aardbewings.

Gedurende die 19de eeu - 2,119 aardbewings.

Gedurende die 20ste eeu - 876,000 aardbewings.

Statistiek Feb 2011:

1. Ongeveer 1 miljoen aardbewings skud die aarde elke jaar.
2. Gemiddeld 2,700 elke dag.
3. In 1990-1994 was daar 750 aardbesings wat bokant 6 op die Rigterskaal geregistreer het.
4. In die wêreld is daar daagliks meer as 40 aardbewings wat 2.5 en meer op die Rigterskaal registreer.
5. Maroela Nuus - 5/12/2015. "Die jaar 2010, met 21 groot aardbewings, hou nog die rekord." Vanjaar was daar 20 aardbewings wat 7 of meer op die rigterskaal geregistreer het.

DIE WEGVOERING (WEGRAPING !!)

1Thes 4:16 **Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan.**

1Thes 4:17 Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees.

{ DAKES ANNOTATED REFERENCE BIBLE. }

Die woord "WEGGEVOER" in 1 Thes 4:17 (Harpazo in Grieks) beteken om vinnig weggeruk te word. Hierdie woord word dan ook gebruik om die aksie te beskryf wanneer 'n arend sy prooi gryp en vinnig daarmee wegvlieg.

Die bewering deur sommige kritici dat die woord "Wegraping" nie in die Bybel voorkom nie, is dus van alle waarheid ontbloot. Die woord

"HARPAZO" kan vertaal word as. (1) Wegvoer. (2) Wegraap. (3) of vinnig weg-ruk. HALLELUJA!!!

In 1 Kor 15:51-52 vertel Paulus weer van ons Here se wederkoms vir sy heiliges, sowel dié wat nog lewe, as dié wat reeds gesterf het: "Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap (sterf) nie, maar ons sal almal verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word."

By die wederkoms van Jesus Christus moet duidelik onderskei word tussen die twee fases, met 'n tussen tydperk van sewe jaar Antichris regering.

Joh 14:2 In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei.

Joh 14:3 En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is.

(DieWegvoering van die Bruid na haar Bruidegom !!!)

Die eerste fase van Sy koms wat net voor die verdrukking van 7 jaar sal wees, is bekend as die wegraping of wegvoering, waar Hy "soos 'n dief in die nag" sal kom as die Bruidegom om Sy bruid te kom haal. Net Sy bloedgewaste bruid sal Hom by hierdie geleentheid sien en hoor, want dit sal baie skielik gebeur - "in 'n oomblik en 'n oogwink" Die Griekse woord vir "oomblik en oogwink" is "ATOMOS" wat beteken, ondeelbaar. In wetenskaplike besit is huidiglik 'n horlosie wat 'n sewe-miljoenste van 'n sekonde kan aandui, wat nog nie "ATOMOS" - ondeelbaar is nie.

In die 260 hoofstukke van die nuwe testament, word 318 keer verwys na die wederkoms van Jesus. Elke boek in die nuwe testament praat oor die wederkoms van Jesus, behalwe Galasiërs, Filemon, en 2+3 Johannes.

DIE DRIE HEMELE !

Die woord hemel en hemele kom 716 keer in die Bybel voor , “ **DAKE’S BY-BEL** “ Beide Ou en Nuwe Testament.. Die Bybel praat van drie hemele.

2Kor 12:2 Ek weet van ‘**n man in Christus**, veertien jaar gelede of dit in die liggaam was, weet ek nie, of buite die liggaam, weet ek nie, God weet dit—dat so iemand weggeruk is tot in die derde hemel. Die Bybel lokaliseer die derde of hoogste hemel in die noorde. (Ps 48:3 Job 26:7

Job 37:22 Jes 14:13.)

Die eerste hemel of atmosferiese hemel. (Deut 11:11 1Kon 18:48 Efes 6:11)

Die tweede hemel (Die uitspannel) of sterre hemel Gen 1:1 Gen 1:8.

Amos 4:12 –.....**maak jou klaar om jou God te ontmoet,..**

“ MARANATA ” = JESUS KOM SPOEDIG TERUG.

Epos: konanja333@gmail.com)

Webtuiste: www.ramshoring.co.za